# DIE WEGPEN

Uitgawe Nr. 21
21 Mei 2012

## Wegtrek

Hallo almal! Welkom by nog 'n Wegpen. Die seisoen mag dalk verby wees maar dit is al weer die seisoen van vergaderings. Boland se AJV vind plaas Saterdag 2 Junie op 09:00 op Worcester in die klubhuis en JuksKei SA se AJV vind plaas is in Julie.

## Uitstekende Nuus!!!

Boland bestuur het die naweek die goeie nuus ontvang dat Marius van Wyk gekies is om te gaan deelnaam aan die Lithuanian Games in Litaue van 5 - 11 Julie.

Die spele word deur TAFISA gereël en Marius-hulle gaan Jukskei ten toonstel aan al die ander sporte en spele wat daar teenwoordig gaan wees.

Ons as Bolanders kan regtig trots wees op Marius se prestasie. As Marius se spanmaat gedurende Kroonstad weet ek dat hy dit verdien en dit sy spel net verder sal verbeter.

Maar soos met alles gaan hy sekere gelde moet inbetaal om hierdie reis mee te maak. JSA en SRSA betaal die meeste van sy kostes maar hy sal nog steeds die volgende moet betaal:

* Inbetaling van R 2000
* Vliegtuigkaartjie Johannesburg toe en terug = R 1 800
* Tydelike Paspoort = R 200
* Visum = R 800

Sy sakgeld is ook hierby uitgesluit.

Nou wil ek graag die spelers vra of julle dalk 'n plan het hoe ons Marius kan help om hierdie fondse te bekom. Wat kan ons doen om hom te help? As daar dalk iemand daar buite is wat finansieël kan help of van iemand weet wat kan help, laat ons weet.

Die baan by Mooiplasie Boskamp in die Dinokeng Wildreservaat, noord van Pretoria naby die grens van Limpopo provinsie.



Die boer het op sy sterfbed gelê toe daar die wonderlikste geur uit die kombuis kom en hy besef sy vrou is besig om koeksisters te bak. Hy sleep met sy laaste kragte soontoe, en reik uit om een te vat. Net toe slaan sy hom met die houtlepel op sy hand, met die vermaning: "Nie nou nie, vraat. Ek is besig om vir die begrafnis te bak!"

* * * * *

Blondie staan en wag by 'n baie besige busstop. Toe die bus uiteindelik opdaag, besef sy dat sy nie met haar baie nou minirokkie op die eerste trappie van die bus kan kom nie.

Sy glimlag verleë terwyl sy die rits van haar mini so bietjie aftrek agter haar rug. Sy probeer weer maar met dieselfde resultate. Weereens laat skiet sy haar rits so bietjie en probeer weer op die bus kom.

Die volgende oomblik vat 'n groot boerseun haar om die middeltjie en tel haar moeiteloos tot op die boonste trappie.

Vererg draai Blondie om en skree onsteld: "Hoe durf jy aan my liggaam raak - ek weet nie eers wie jy is nie!"

Die boerseun glimlag en sê: "Normaalweg sou ek met jou saamstem maar nadat jy my gulp tweekeer afgetrek het, het ek gedog ons is vriende!"

• * * * *

Kallie en Mike sluit aan by die polisie, en na net 'n week diens vind hulle twee bomme op Pretoria stasie. Soos goeie polisiemanne laai hulle die bomme in hul vangwa en ry dit na die polisiestasie toe. Na 'n rukkie vra Kallie aan Mike: "Mike, wat doen ons as een van die bleddie bomme hier agter ontplof?" Mike antwoord: "Moenie worry nie, man, dan sê ons vir hulle by die polisiestasie daar was net een."

* * * * *

Mike kom by die huis en sien hulle het sy huis leeg gesteel. Hy skakel die polisie, maar tipies neem dit maar lank voor hulle kom. Hy begin net goed opgewerk raak toe die voordeurklokkie lui. Toe hy die deur oopmaak staan die polisieman daar met met Ray-bans en sy polisiehond aan 'n leisel.
"Nee magtig" sê Mike. "Eers steel hulle my huis leeg en nou stuur hulle vir my 'n blinde polisieman!"

* * * * * *

Mike antwoord 'n advertensie in die koerant: "Gewillige werker gesoek. Maklike werk, regverdige betaling." "Wel, dis redelik eenvoudig," sê die agent wat die onderhoud met hom voer. "Ons kliënt is 'n klub met eksotiese danseresse, en hulle soek iemand om die meisies tussen vertonings met olie in te smeer." Dit klink redelik, dink Mike. "Kan jy more in Bloemfontein wees?" vra die agent. "Is die klub in Bloemfontein?" wil Mike verbaas weet. "Nee, die klub is in Johannesburg," antwoord die agent. "Maar die ry aansoekers trek nou al in Bloemfontein."

Vir die van julle wat nog nie by my Facebook groep, Boland Jukskei, aangesluit het nie moet dit gerus doen.

## Fluit fluit my storie is uit...

.
As julle enige iets in die nuusbrief wil plaas, stuur dit asseblief vir my na Louw.Hugo@Gmail.com of faks dit na 086 626 5767 en ek plaas dit in die volgende Wegpan. Groete.

Louwtjie